

Geloof en geloofwaardigheid. (3)

Jy doen goed, jy doen wat God wil hê, OF jy is sleg en lui in die werk van die Here.

Volgens die prediking van Jesus beteken om geloof te hê om goed te doen en om te doen wat God wil hê. Hulle wat fluks en getrou in sy werk is, sal eendag hoor: Jy het góéd gedoen! Jy is 'n goeie werker van my. Dis ook waar dat hulle wat niks maak met die rykdom wat ons in Christus Jesus ontvang het, sal by die Here hoor dat ons sleg gedoen het en te lui was om vir Hom te werk.

Jesus het ook gesê: (Mat 25: 14 - 30) *“Wanneer God Koning is, dan is dit soos wanneer 'n man 'n tyd lank weggegaan het van sy huis. Hy het sy slawe geroep en gesê hulle moet al sy goed oppas.”*

Ná 'n lang tyd het die eienaar van die slawe teruggekom en gevra wat hulle met die geld gedoen het. Die slaaf wat vyf talente gekry het, bring toe nog vyf talente daarby. Sy eienaar sê toe: ***‘Dit is goed. Jy is 'n goeie slaaf, jy het gedoen wat ek wou hê. Jy het goed gewerk met die bietjie geld wat ek vir jou gegee het, ek sal nou vir jou baie meer geld gee sodat jy daarmee kan werk. Kom in, jy moet bly wees saam met my, jou eienaar.’***

Die slaaf wat twee talente gekry het, kom toe en sê: *‘Meneer, jy het vir my twee talente gegee. Hier is nou nog twee talente wat ek bygekry het.’* Sy eienaar sê toe: ***‘Dit is goed. Jy is 'n goeie slaaf, jy het gedoen wat ek wou hê. Jy het goed gewerk met die bietjie geld wat ek vir jou gegee het, ek sal nou vir jou baie meer geld gee sodat jy daarmee kan werk. Kom in, jy moet bly wees saam met my, jou eienaar.’***

Die slaaf wat een talent gekry het, kom toe en sê: *‘Meneer, ek weet jy is 'n kwaai man. Ek was bang, daarom het ek jou geld in die grond gaan begrawe en dit weggesteek. Ek gee nou vir jou die een talent terug wat an jou behoort.’*

Toe sê sy eienaar vir hom: ***‘Jy is 'n slegte en lui slaaf. Jy moes ten minste my geld gebank het. Dan kon ek ook die rente gekry het toe ek teruggekom het.’*** Hy sê toe vir sy ander slawe: *‘Vat die geld weg van hom en gee dit vir die slaaf wat die tien talente het.’*

Is ons goeie en getroue diensknegte wat daagliks vermenigvuldig wat ons op grond van die kruis en die oorwinning van die Meester ontvang het?